STABILIS



By your finger print you will be known
P 2

in die uitgawe...

And then they got high...
P 8



Kragtoer van kultuurgroepe herskryf die rekordboeke hierdie kwartaal
BL 5



news

Bekende Grey-egpaar groet vir eers die Vrystaat
BL 3

in depth

Detensie is hier om te bly
BL 7

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary · www.gcb.co.za · JAARGANG / VOLUME 48 · NO 2 · Junie / June 2014

# Ontmoet die nuwe beheerraadslede

LUAN NEL

Prof Corli Witthuhn was op Oranje Meisieskool. Sy het 'n doktorsgraad in Mikrobiologie en is tans die vise-rektor: Navorsing, by die UV. Haar man, mnr Leon Witthuhn, het aan Grey gematrikuleer en hul kinders, Leon en Joubert is tans Grey-manne.

Prof Witthuhn sou graag wil insette lewer rondom die akademiese aktiwiteite van die skool. Vir haar het 'n Grey-seun genoeg selfvertroue en ook empatie met die seun wat langs hom op die skoolbank sit.

Dr Henk Boshoff was 'n leerder aan die Hoërskool Sand du Plessis, waarna hy regte studeer het aan die Universiteit van die Vrystaat.

Hy is tans die provinsiale kommissaris vir die staatsdiens. Hy is getroud met Denise en hul kinders, Luan en Lené, is in Grey en Oranje onderskeidelik.

Dr Boshoff sal graag wil sien dat daar voortgebou word op die wenresep wat Grey 'n topskool gemaak het. Volgens hom het 'n Grey Gentleman 'n besonderse karakter. Hy haal die woorde van Sir Richard Steele aan: "Men of courage, men of sense and men of letters are frequent, but a true gentleman is what one seldom sees".

Mnr Gerhard Henning het aan Grey Kollege gematrikuleer en verwerf 'n ingenieurs-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy is tans werksaam by Vodacom.

Hy is getroud met Carlien en het twee seuns, Philip en Gerard, op Grey. Hy sê: "As ons altyd kan verseker dat Grey nog steeds jong mans voorberei vir die uitdagende toekoms, dan het ons geslaag in ons doelstelling."

Mnr Henry Büchner het in 1980 aan Grey gematrikuleer. Na sy studies aan die UOVS het hy gedurende 1988 begin werk by Honey Prokureurs waar hy sedertdien as prokureur praktiseer.

Hy en sy vrou, Jeanmarie se oudste seun Johan het in 2013 aan Grey Kollege gematrikuleer en studeer tans aan die UOVS; Jan-Hendrik en Eduard is ook Grey-leerders.

Volgens mnr Büchner is 'n Grey Gentleman 'n seun na wie mense opkyk met bewondering vir sy algemene ingesteldheid.



Die raadskamer se 'ronde tafel'. Foto: Wouter Klopper



'Winter is the paragon of art'. Photo: Hederick Prinsloo

# Ice, ice baby...

## *Cold brings a strong man to his knees*

TSHEPA SEQEBO

Winter is harsh and cold; a time for hot Milo, pancakes, warm fireplaces – and exams. The mid-year exam is quite challenging - who feels like studying when you could still be cocooned in bed!

This winter has had some very cold days in a province which usually has sunny, mild winter days and cold nights.

Even mr Flash Venter has admitted to wearing long johns and three layers of clothing against the cold and the boys cannot be blamed for walking with their hands in their pockets in the absence of gloves.

Talk for 60 minutes for only R4
Call as many people as you want for 60 minutes after you activate.
Your change has power.
Vouchers available at participating outlets
Vodacom
Power to you




Ts & Cs apply. Vodacom to Vodacom calls. Not available for use 6pm to 9pm daily.
Purchases also available on *111# to all Vodacom Prepaid and Top Up customers.

## short news

### Wear your tackies and help to feed a hungry child

DYLAN BARNES

Tackie Tax day was celebrated on the 30th May to commemorate Child Welfare's 100th year of operation.


In keeping with the spirit of giving to the less fortunate, Grey College celebrated this day on Wednesday 28th May in order to also include the grades 11 and 12 learners who started their exams on the 30th.

The learners were requested to all "pay a fine" of R10 for "permission" to wear sneakers on that day. The boys were all enthusiastic in their support of this charity event – not least because an opportunity to wear 'civvies' to school is always a treat.

Grey College raised an amazing amount of R9610.00 for Child Welfare. In one of the classes one boy in particular gave an amount of R200.

This is a wonderful indication of how open and giving the spirit is to less fortunate people – and especially for the welfare of children.

Mr Tommie Cronjé and mrs Sannette Greyvenstein co-ordinated this event and both these teachers commented that a feeling of caring for issues and people beyond your own circle of welfare, is alive and well at Grey College.



Getting to grips with new-fangled nanny system. Photo: Frans-Hendrik Badenhorst

# Big Brother is watching you

*Security system is set to reduce absentee numbers*

JACO VAN LOGGERENBERG

At the moment Grey College is experiencing a challenge with many learners who "bunk" class. Some learners only come for register, so that they will be marked "present" and then they leave. There have been cases where learners are dropped off by their parents and then leave the school premises.

This places strain and pressure on teachers, because they thus find it challenging stay on par with the curriculum.

The security manager, mr Hennie Nel consulted with Fichardt Park Secondary school as they are using the same fingerprint system. Grey adopted this system after due committee discussions. The school terrain committee and financial committee planned for this system to be purchased and implemented. Sixty fingerprint units were installed in all the classes, the music centre and the gymnasium.

Each learner has to register before entering a class room, each period of the day. The system is linked to a central computer network which records who is absent from classes during the day. In the case of an absence an automated system will immediately send an sms / e-mail to the parent of the learner.

Mr Nel also commented, "Quite a number of learners argue that the fingerprint system is a waste of time and money. It is true that learners are being "checked up" but this is apparently necessary. The job of the school staff is not only to teach children, but to be an extension of parents.

## Werksdae in kwartaal twee meng erg in met vakansiedae

LUAN NEL

Iemand het onlangs opgemerk: "Die klomp werksdae is lastig so tussen al die vakansiedae deur!" Die persoon slaan die spyker op sy kop.

Na 'n nege-dae skoolvakansie was leerders vir slegs nege skooldae terug voor die Paasnaweek. Vier verdere skooldae het gevolg en daarna was daar uitgespan vir nóg nege dae.

Die ekonoom, Dawie Roodt, meen dat vakansiedae SA selfs meer as R1 mjd. elk kos. Hy sê dat elke individu self moet kan besluit oor vakansiedae en dit dan so met werkgewers beding. Skole moet ook die reg hê om self te besluit oor vakansiedae wat dan só geplooi kan word, dat dit leerders en onderwysers pas.

Die klomp vakansiedae versteur die ritme van leer, studeer en toewyding. Me Chrismarie Liebenberg, graad 12 onderwyser by Grey Kollege, voel dat die aantal vakansiedae is nie die probleem nie, maar wel die verspreiding daarvan.

Mike Schüssler, hoofekonoom van Economists.co.za,stel voor dat openbare vakansiedae, behalwe Kersfees en Nuwejaar, net op 'n Maandag en Vrydag gehou moet word. Vakansiedae in die middel van die week dra by tot onproduktiwiteit.

Maak te veel vakansiedae nie dalk van ons 'n lui nasie nie? Leerders sal beslis moet beplan en ekstra tyd moet insit.

# 'Oupoot' tracks down his true love on famous social media website

DYLAN BARNES

Mr Craig Steyn and his beautiful dietician wife Michelle got married on 26 April 2014 on mr Steyn's parents' farm in the Bothaville district. Mr Steyn and his wife met while studying in Potchefstroom. The hostel mr Steyn was in and the one she was in competed in a *sêr*, and afterwards mr Steyn had to search social media (Facebook) to track her down and invite her for coffee. This sounds like a Grey man on a mission.

About 200 guests including family, school,' varsity friends and colleagues shared the special moment with the bride and groom. Laura Jansen, the photographer, eloquently describes this wedding, "The ceremony was set up under rows of weeping willows overlooking a river. The ostriches were roaming free and wandered in and out of the ceremony. The reception area was in a barn with the resident owl supervising everything from above. The sunflowers used in the flower arrangements were all grown by mr Steyn's parents in the back garden, and the jam which was favours for the guests was home-made".

Ms Meyer (now Steyn) walked down the aisle with her father and the best man was mr Steyn's brother. Mr Steyn, says that his wife's heart makes her special – she really cares for people and always wants the best for those around her.

Looking at the pictures on the blog of the photographer this is evident in every detail and spontaneous moment of this true Free State *platteland* wedding. No performance was needed to entertain guests in the beauty of nature.



Jubilance and joy evident in the faces of these just-marrieds. Photo: Supplied




Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to **www.greycollege.co.za** and click on the Hertz logo or call **0861 600 136.**
Terms and conditions apply.

Hertz
#1 in car rental worldwide

# Rev David Cast urges boys to be aware of their 'chairs'

TIMOHY DU PLESSIS

Reverend David Cast visited Grey recently and left the learners astounded and inspired. He came to Grey to revisit his old stomping grounds and to share with the boys the same message of nostalgia for his glory days and inspiration to make the present count. Reverend David was born to Swiss parents who were both missionaries. He was sent to Grey Secondary and was eventually a prefect of Brill and Leith house.

He was interested in sports and played tennis where his greatest opponent was mr Ewie Cronjé. He was the president of the school council and matriculated in 1957. Amongst others, he later obtained a masters degree and was an academic dean in the USA.

In Lesotho, Rev David constructed 18 buildings and founded a primary and secondary school. In the last decade he has been living in San Diego, California.

Rev David greeted the boys in English, Afrikaans, Sotho and German which already eased the atmosphere and raised the spirit in assembly. "There is no place in the world like Grey", he firmly believes.

Rev David was speaking about various 'chairs' every person occupies during his lifetime, and telling the boys "not to be around the wrong crowd" - a problem that is clearly escalating.

On David Cast's left there were six chairs labelled variously physical help, emotional support, loving hospitality, generosity, offering purpose in life and finally, the principal chair.

He asked the boys, "What chair is yours, what chair are you sitting on?" Rev David left the boys with one statement "Love your neighbour as you love yourself.

# Egpaar se pad lê oop voor hulle

## *Hollenbachs gaan 'n Kaapse draai maak vir die volgende lewensfase*

**IAN DE VILLIERS**

Mev Annemarie Hollenbach en haar man, mnr Chris Hollenbach tree amptelik af aan die einde van Julie 2014.

Mev Hollenbach het op 15 Julie 1998 in Grey se sportkantoor begin werk en 8 jaar later het sy na die skoolhoof se kantoor geskuif. Mnr Hollenbach het in 2000 betrokke geraak by Grey Kollege as mede-afrigter van die /14 C & D rugbyspanne.

In 2001 is hy aangestel as die astro-hokkieveld se bestuurder en was betrokke by die destydse bou en ingebruikneming van die astro-hokkiebaan. Hy het later betrokke geraak by die terreinafdeling en het as koördineerder vir die terrein begin werk.

Me Hollenbach was ook die koördineerder vir die Grey / ABSA Akademie en het die magdom administrasie hiervan vir jare behartig. Beide sy en haar man was ook jare lank betrokke by die logistieke om Grey as 'n nasien-sentrum vlot te laat verloop.

Die Hollenbachs verhuis na Somerset-Wes waar hulle "huisie by die see" tans in aanbou is. Hul 2 kinders bly in Kaapstad en dit is die groot rede vir hierdie besluit – alhoewel die natuurskoon en die see ook 'n groot trekpleister is.

Mev Hollenbach is 'n pos by 'n privaatskool in Somerset-Wes aangebied maar sy sien na 36 jaar se werk meer daarna uit om tyd saam met haar man en kinders deur te bring en die Kaap behoorlik te geniet en verken,as om weer agter 'n rekenaar in te skuif. Mnr Hollenbach stel dit as "om daar weer mens te word."

Mev Hollenbach sê sy gaan "vir seker die Grey ouers, seuns en personeel wat oor die jare my pad gekruis het baie mis, maar dit gaan egter nie moeilik wees om die Vrystaatse winters en stofstorms agter te laat nie."

Die "ou dae" se interskole treintoere is iets wat haar altyd sal bybly; sy glo dit het die personeel ongelooflik saamgesnoer en dié aspek het definitief met die bustoere in die slag gebly. Ook om tydens die tuis interskole die seuns op die pawiljoen te sien is 'n gesig wat sy nie sal vergeet nie.

Mnr Hollenbach sê die saak wat hom die naaste aan die hart lê en wat hy gaan mis is die rugby-afrigting by Grey. Die hoogtepunt van sy tyd by Grey was die afrigting van die *Peaches* en *Playboys* saam met Johan van Zyl (Zylie). Die ongelooflike talentvolle seuns wat vir die twee spanne gespeel het sal hom ewig bybly.

Hy gaan hegte en getroue vriende wat hy gedurende die tyd by Grey gemaak en ontmoet het geweldig gaan mis.

Die Hollenbach-egpaar is al 'n instelling by Grey Kollege en gaan 'n leemte laat met hulle vertrek.

Indien alles na plan verloop, hoop hulle om binnekort ook 'n toer te onderneem wat volg in die voetspore van Paulus. Die egpaar het geweldig baie planne en saam kan hulle dit bereik.



**Saam-saam die toekoms in.** **Foto: Wouter Klopper**

## short news

### Maintain a solid PACE, gentlemen

**DYLAN BARNES**

A new system of learner assessment was introduced at Grey last year and is sent to parents twice a year. The acronym PACE is used for this system, referring to different aspects which are assessed.

Basically, the progress, achievement, attitude towards each subject, behaviour in the classroom and learner input in respect of the work are assessed by awarding a symbol for each. The learner may obtain a symbol between A and E, based on each teacher's opinion after observation of the learner.

Although many learners are often shocked by and unhappy with the PACE mark they receive, it does serve a purpose in that parents can be made aware of how their children behave in each class and also, how they are assessed by the teachers.

Although this is indeed added to the teachers' already heavy administrative burden, it helps to perhaps make the parents more involved with their sons' lives in school.

The PACE assessment is also a good point of departure for discussing problems and concerns during the parent evening, which usually follows days after the PACE reports are issued.

The parent evenings are then well-attended by parents who really need to address concerns with the teachers.

The system of making appointments to see teachers has streamlined these evenings; no time is wasted and teachers know exactly who will come and see them.

# Sosiale media: noodsaaklik of euwel?

**LOUIS SCHOONWINKEL**

Grey word in talle aspekte van die sosiale media verteenwoordig. Dit bied vir die publiek 'n loerglas om die skool se prestasies, gebeurtenisse en nuus te monitor.

Dit dien ook as 'n kommunikasieforum waar Grey-seuns en oud-leerders opmerkings, klagtes en terugvoer kan gee. Daar verskyn egter dikwels negatiewe kommentaar op hierdie mediums wat die skool se beeld skade kan berokken.

"Sosiale media het baie meer waarde as wat meeste mense dink," sê me Mareth Jooste, mediaskakeling- en bemarkingsbeampte by Grey.

"Ons het nie veel beheer oor wat enigiemand op die sosiale netwerke sê nie, maar as administrateurs gebruik ons ons eie diskresie oor wat goed en wat sleg vir die skool se beeld is. Ons bied egter 'n geslote facebook-groep waar leerders en oud-Greys opmerkings kan maak en waarna dan terugvoer gegee kan word. Die *fanpage* en oop-groep is egter oop vir die publiek."

Sy meen egter dat sosiale media een van die sterkste mediums van bemarking is. "Soveel mense kan bereik word deur sosiale netwerke en dis boonop gratis. Deur dié tipe netwerke te gebruik kan nie net die skool se prestasies aan die publiek bekendgestel word nie, maar gee dit die publiek 'n kans om te kommunikeer tot voordeel van die skool."

Die skool bedryf 'n webblad, 'n facebook-blad, 'n oop en 'n geslote facebookgroep, 'n twitter- en instagram-profiel alles onder die instandhouding van me Jooste, een oud-leerder en een personeellid.

" Die sosiale media word meestal gebruik vir bemarkingsdoeleindes en om inligting aan die publiek oor te dra," sê me Jooste.


"Die oop facebook-groep bied 'n geleentheid vir leerders en oud-Greys om te praat oor wat hulle pla en om voorstelle te gee. Twitter word gebruik om uitslae en gebeurtenisse te tweet."

Vir Grey is dit dus belangrik om tred te hou met die huidige eeu van tegnologie en om gebruik te maak van die geleenthede wat sosiale media bied.



**GRAFIKA: Louis Schoonwinkel**

makro
BLOEMFONTEIN
Supports Grey College



## late news

### Succesful meet and greet at school

**TIMOTHY DU PLESSIS**

Another succesful Open Day for hostels was held at the school on Saturday 7th June.

The morning was attended by approximately 220 intending parents. Headmaster, mr Deon Scheepers welcomed the guests. They were then divided into 10 groups who toured the school premises, accompanied by teachers as guides.

School captain Christopher de Villiers addressed the assembly most capably, after the guests arrived and registered.

To add further interest to this morning, there were performances by the Gumboot Dancers and the Indomitus singing group.

The excellent marketing video of the school gardenered considerable admiration and enthusiasm, thus setting the tone for a successful, leisurely tour through the school grounds.

The guests were treated to a Coke and doughnut at Grey Tuck Shop.

## belangrike datums

| | |
|---|---|
| **27 Junie:** | **Skole sluit** |
| **21 Julie:** | **Skole heropen** |
| **24 Julie:** | **Rapporte** |
| **29 Junie – 12 Julie** | **Tafeltennistoer na Maleisië** |
| **25 Julie:** | **Interskool Glenwood** |
| **1 Aug:** | **Interskool PE** |
| **1 Aug:** | **ATKV finale rondte koorkompetisie in Pretoria** |

# Dis Piet, dis die massas, ...rugby!

*Mascot se vurige entoesiasme is aansteeklik*

**IAN DE VILLIERS**

Piet May neem elke Eerstespan wedstryd sy plek langs die span in. Saterdag 24 Mei 2014 het Piet weer die Paarl aan die gons gehad toe hy met 'n "wafferse verbyvlug" met sy Grey vlag omhoog die Boishaai orkes vir 'n oomblik stil gehad het om so die Eerstespan op die veld te lei. Dit het elke Grey ondersteuner se hart warm laat klop op 'n koue, reënerige dag.


Peter May is gebore op 1 September 1952 ( 61 jaar ) in Edenburg. Daar het hy gedurig skolerugby gekyk en eendag 'n koerant gekoop waarin hy die uitslae van Grey gesien het. Toe hy in 1980 by sy suster in Bloemfontein kom kuier het, het hy die skool besoek, onbewus van die pad wat hy nog met die skool sou stap.

Hy het in 1993 in Bloemfontein kom woon. Hy het soms middae na werk gekyk hoe die seuns oefen. Mnr vd Wall en mnr Swanepoel (Swannie) het eendag met hom gepraat en daarna het mnr Voldsteedt hom na 'n saalperiode genooi waar hy met die seuns gepraat het.

Thinus Drostké wat toe die kaptein van die Eerstespan was, het 'n "supporters trui" aan hom op die verhoog gegee. "Ek het hom nog steeds" aldus Piet.

Sy eerste toer was met die trein na Affies in 1996. Hy was al ook op die Maritzburg, Selborne en Grey PE toere en hierdie jaar vir die eerste keer na Paarl. "Ek hoop om binnekort Paul Roos Gimnasium ook saam die skool te besoek" aldus Piet.

Piet se boodskap is: "Die belangrikste ding is om na jou ouers en onderwysers te luister."



**Alex Jonker bedank Piet tydens saal. Foto: Wouter Klopper**

# Reading makes for intelligent conversation - hey, chicks dig it

**TSHEPA SEQEBO**

It is a fact that people who can read but choose not to, are even worse off than illiterate people.

Many Grey college boys do not find reading the school newspaper - or any book for that matter interesting. According to the language teachers, this is the main cause of poor language marks. When learners ask how they can improve their English mark, mrs Roos always responds that learners should read more. It has been proven that children who read books have increased concentration, a better vocabulary and better writing skills than their peers.

This attitude of disliking any form of reading is common to the 21st century teenager; it is not unique to Grey College. Reading a book is also associated with studying, which is not a teenager's favourite pastime, so reading anything at all becomes boring.

Most boys only read the Stabilis if they feature in the newspaper, when they see a picture they like and when someone has recommended an article. "There is a lack of interesting things in the newspaper, firstly because all the information in the newspaper is already old by the time the newspaper comes out.

Secondly, a good comedy section needs to be added in the Stabilis in order for more Grey boys to read it," says Fundile Khoza, a grade 12 learner. Some learners say that they would read the newspaper if it related to them - and the current Stabilis does not.

It is thus evident that even though reading is important, Grey boys choose not to.

Supporter of Grey College


FNB First National Bank

How can we help you?

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd

Supports Grey College Sport

Coca-Cola





# Is die das wel die simbool van outoriteit?

**LOUIS SCHOONWINKEL**

"Die skooluniform is al 'n baie ou tradisie en iets waarop Grey nog altyd trots was." So sê Johann Sonnekus, gr 11 leerder. Manspersoneel dra huidiglik dasse slegs op dae wat daar saalbyeenkomste is. Seuns mag miskien in die somermaande 'n grys hemp met 'n Grey-wapen, sonder 'n das dra.

"Die moontlikheid word ondersoek om 'n kleredrag-beleid saam te stel wat die unieke Suid-Afrikaanse klimaat sal akkommodeer," sê mnr Deon Scheepers, skoolhoof. "Die gebrek aan lugverkoeling in die klaskamers noodsaak dat daar na byvoorbeeld nuwe kleredrag gekyk moet word om effektiewe akademiese praktyke te bevorder."

Mnr Pieter Wessels, Rekeningkunde- en Ekonomie-onderwyser verwelkom hierdie nuwe beleid. "Oorwegend is ek positief oor die voorlopige beleid, want dit moedig eenvormigheid aan.

Dit is ook nodig om van tyd tot tyd aanpassings te maak aan die skool se drag." Hy noem ook egter dat hy wel tevrede is met die huidige drag.

Besigheidstudies-onderwyser mnr Stefan Pretorius voel dat dit goed is om die skoolklere veral vir somermaande te hersien, maar voel egter dat die netheid van seuns beklemtoon moet word. "Om professioneel te lyk en op te tree was nog altyd Grey se styl," sê hy.

Sommige seuns is egter gekant teen die idee van 'n nuwe uniform. Steph Brits, gr. 11 leerder, sê dat dit onnodig is omdat dit deel van die skool se kultuur is om professioneel voor te kom en op te tree. "Daar is min probleme met die huidige drag," sê Steph. "Dit is al lank die skooluniform van Grey Kollege en kan as 'n tradisie by die skool beskou word."

Die vraag kan gevra word of slegs 'n das 'n simbool van professionaliteit is en of 'n werknemer of leerder se houding, gedrag en werksetiek nie miskien eerder 'n aanduiding van professionaliteit is nie.

Veral onder die manspersoneel is daar 'n verdeeldheid oor die kwessie van 'n das, maar dit is nie die enigste of selfs belangrikse maatstaf van gesag nie.

Dit is duidelik dat daar gemengde gevoelens oor die saak maar slegs die tyd sal leer of hierdie verandering slegs by die manspersoneel toegepas sal word.



**Das-manne van die personeelkorps. Foto: Johann Sonnekus**

# Alles wat skitter is inderdaad goud

*Tweede kwartaal se prestasies herskryf die rekordboeke vir musiekmanne*



**'n Grey-Oranje spanpoging maak saam mooi musiek.** **Foto: Elandré van der Walt**

**JULIUS ZERWICK**

Die afgelope kwartaal sal onthou word as dié kultuurkwartaal. Om spontaan 'n staande ovasie by die Hoër Jongenskool, Paarl te kry en die skitterende jaarlikse Kultuur-inter by Affies is twee van Grey se kultuursuksesse.

Die kwartaal het afgeskop met die jaarlikse interkultuuraand met Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Elke musiekgroep van Grey en Affies kon hier optree.

Geen groep kan uitgesonder word nie, almal het baie goed gevaar. "Ons was so voorbereid en opgewerk voor die tyd, dit het gevoel het asof ons op 'n rugbyveld draf toe ons op die verhoog stap," sê Albert Verwey, onderkoorkaptein en vleuel van die Cherries. Volgens me Prinsloo was die enigste kritiek dat die Greygroepe meer items moes lewer.

By die jaarlike St Michaels eisteddfod het Indomitus, die koor, die ensemble en die Grey-Oranje orkes elk 'n A++ ontvang. Die senior boere-orkes en die Grey Band het 'n A+ ontvang.

Goeie individuele uitslae was Daniel von Eschwege (viool en konsertina): 2 A++'e en 'n A+; Chris van Zyl: 4 A++'e en 'n A+ met die tjello, Dylan van der Merwe: 'n A++ vir solo- kitaar en Paul Loeb van Zuilenberg: 3 A++'e en hy ontvang die ABRSM-prys vir beste senior stryker.

Die gesamentlike Grey-orkes, Indomitus-sanggroep, Oranje Hoër Meisieskoolorkes en Con Spirito-sanggroep het positiewe reaksie ontlok.

"Die feit dat al die groepe so konstant goed gedoen het spreek van 'n goeie standaard," voel Eben von Gericke, kultuurkaptein vir 2014 en lid van die eerste tennisspan.

Die koor het die kwartaal op 'n hoogtepunt afgesluit deur goud te verower by die semi-finale rondte van die ATKV-Applouskompetisie en daarmee deur te dring na die finale rondte in Pretoria.

Dit is 'n feit dat prestasie aangespoor word deur prestasie - die musiekgroepe bewys dit deurlopend.

"Die afgelope kwartaal was beslis een vir die boeke vir elke musiekgroep," meen mnr Pieter Wessels, hoof van kultuur.

## staccato



### Imagine Dragons outstrip their wildest imaginings

**PAUL LOEB VAN ZUILENBURG**

*Imagine Dragons* kicked off 2014 with a bang. After performing at the Grammy Awards, they took home their first Grammy for Best Rock Performance.

This band has come a long way from the days when the band's four members, Ben McKee (bassist), Wayne Sermon (guitarist), Dan Reynolds (vocalist) and Dan Platzman (drummer) originally played four nights a week in Las Vegas.

That changed when they released their platinum-selling debut album, Night Visions, in September 2012.

They draw a lot of inspiration from hip-hop and are all huge fans of Kendrick Lamar; they play his music on their tour bus and say he reminds them of Big and Tupac. Two of the band members are Mormons but they all say that their religion has never been an issue for the band."

I think you surround yourself with the things you want to be surrounded with. For us, it's always about the music. Some things have been challenging, but I think, for the most part, things have been basically easy," says vocalist Dan Reynolds.

They embraced hip-hop influences with Night Visions, but I think the next record will be more rock-driven.

## Grey musiekdepartement verloor musiekfanatikus

**ANDRÉ BELLINGAN**

In die Grey kultuurkalender is daar soveel hoogtepunte dat 'n mens eintlik soms van die slegte dinge soms vergeet.

Een van die laagtepunte in hierdie jaar wat vir ons almal moeilik gaan wees is dat mnr Christo Janse van Rensburg ons gaan verlaat.

Na net twee kort jare hier by Grey as musiekonderwyser en begeleier van die Grey koor en Indomitus, is dit tyd vir mnr Christo om 'n nuwe hoofstuk in sy lewe by Milnerton Hoërskool in die Wes-Kaap te begin. Hy het die pos as hoof van musiek gekry en aanvaar en sal aan die begin van die derde skool kwartaal daar inval.



**Mnr Christo maak sy finale buiging.** **Foto: Wouter Klopper**

Mnr Christo is 'n uiters talentvolle musikus en die Grey musiekdepartment gaan hom verseker mis. Hy is ook begeleier van die Bloemfontein Kinderkoor en ook daar gaan hy beslis 'n geweldige leemte laat.


"Ek het nogal baie van die musiekmanne goed leer ken, omdat ek dikwels een-een met hulle kon werk en ek sal die seuns beslis die meeste mis," meen mnr Christo.

Julius Zerwick, lid van die koor en Indomitus sê: "Ek het die voorreg gehad om baie met mnr Christo te werk omdat ek 'n lid van die koor en Indomitus is. Ek dink ek praat vir al die seuns as ek sê dat ons vir mnr Christo regtig gaan mis,en net die beste vir hom toewens."

Me Joanie Prinsloo is ook hartseer dat sy haar bekwame ondersteuning by koor-optredes verloor. Mnr Dana Cilliers, voormalige UV-musiekdosent en beide me Prinsloo en mnr Christo se studieleier het egter toegestem om tydelik, tot die einde van die jaar, as begeleier en musiekonderwyser oor te neem. Die talentvolle musiekgroepe bly dus in baie bekwame hande.

HOBBIT
BOUTIQUE HOTEL
ESTABLISHED 1993
★ ★ ★ ★

SPESIALE NAWEEKAANBOD
R600 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.






# Fondament moet aanspoor

Grey-manne is bekend vir die wyse waarop hulle onder hoë druk steeds goed presteer. Hierdie kwartaal, onderbreek deur twee super-langnaweke en vele openbare vakansiedae, was egter geen uitsondering nie. Die manne het weereens hulle staal gewys en op elke gebied presteer.


Die tweede kwartaal is natuurlik ook die begin van ons interskole. Affies, Selborne en Paarl Boys High het die Grey-bom reeds met groot afwagting gepak, net om met brandwonde en 'n blou-oog teruggestuur te word.

Die belangrikste aspek is seker die volle eksamen; hierdie tweede kwartaal is maak-of-breektyd vir akademie en is waar die koring van die kaf geskei gaan word. Aan die begin van Junie moes die manne die tokse, rakette en instrumente verruil vir ekstra klas en studieroosters, om hulle staal ook in die klaskamer te wys. Veral die matrieks moes skouer aan die wiel sit om hulle punte reg te kry vir universiteitsvrystelling en tyd kry om reg te maak wat reg te make is.

Sake het hierdie kwartaal in die hartklop van die skool, die Reüniesaal, ook reg verloop. Die gees is op 'n vlak waar dit in die afgelope paar jare nooit was nie en dit is vir ons almal opvallend hoeveel beter die dissipline in die saal is. Mooi so manne! Gassprekers soos Piet May, Lionel Walker en Ruhan Myburgh het ook die manne geïnspireer met hul praatjies. Dit is onteenseglik so dat as byvoorbeeld Piet May se entoesiasme vir die rugbytoernooie, sy liefde vir die skool en sy toewyding nooit opraak nie, hoekom moet dit dan nie dieselfde wees vir ons nie? Viva, Piet, Viva!

Op alle terreine van die skool se aktiwiteite het dit goed gegaan. Die kultuurmanne het nie teleur gestel nie en die koor het deurgedring na die nasionale finaal van die ATKV se Applous-kompetisie in Pretoria.

2014 is egter nog lank nie verby nie. Die fondament wat in die eerste twee kwartale gelê is, is stewig, maar ons kan nie nou op ons louere gaan rus nie. Ons moet nou harder werk as ooit tevore om 2014 nóg beter, verder en hoër te vat. Behou die gees, die wil om altyd die stappie verder te gaan, en die dryfkrag om altyd jou 'A-game' te bring. Die fondament is gelê, maar nog harde werk lê voor.







## Skool se uniekheid wys tydens interskole

*Geagte redakteur*

Ek het dié jaar se interskole teen Paarl Boys High bygewoon en ek wil die manne gelukwens met die skitterende uitslae en goeie gedrag waarmee hulle getoer het. Dit was weereens 'n belewenis om die Grey-brakke in aksie te sien!

Ek wil 'n beroep op julle doen om altyd aan te hou om dinge in die Grey-styl te doen. Dit is vir my so duidelik na skool dat die Grey-manne iets binne hulle het wat hulle uniek maak. Iets wat daardie plek in jou sit wat jou onderskei van die res. Moet dit nooit verloor nie. Dit gaan eendag die sleutel wees tot sukses.

Ek dink nie julle besef aldag in watter bevoorregte posisie julle is om in 'n skool soos Grey te wees nie. Eers na matriek, toe ek die wêreld ingaan het ek besef hoe baie Grey vir my beteken het. Leer uit my fout. Waardeer dit terwyl jy nog daar is.

Moet ook nie dat jou skooldae by jou verbygaan nie. Gebruik elke geleentheid wat na jou kant toe kom. Vive la Grey!

***'n Trotse Old Grey!***

# Kaptein Alex is positief oor gees

*Kassel Rothmann deel gedagtes en Six Cokes met rugbyman Alex Jonker*




Rugbykaptein Alex en Kassel geniet Six Cokes op die hoofrugbyveld. Foto: Wouter Klopper




GUNSTELINGE

FLIEK: Forever Strong en Facing the Giants

KOS: Janu Botha se muffins

DRANKIE: Ice Tea Peach

AANHALING: 'n Goeie verloorder is 'n gereelde verloorder.

**KASSEL ROTHMANN**

*Alex, wat dink jy maak 2014 se "first team" anders as ander jare?*
Wat ons anders maak is dat ons meer met die bal wil hardloop en na mekaar toe speel. Ons weet ook hoe om druk te hanteer.

*Wat het die deurslaggewende rol gespeel in jul sukses?*
Goeie afrigting, harde werk en die trots wat die ouens het om vir die trui te speel.

*Hoe 'n groot impak het die skoolgees op julle as 'n span en wat dink jy van julle ondersteuning?*
Dit het verseker 'n groot impak op ons spel. Ons het die skool gemis toe ons op Kearsney en Wildeklawer gespeel het. Ek is ook bly om te sien dat meer seuns die 'games' kom kyk, want ons speel net vir hulle.

*Watter wedstryd dink jy het julle nog die meeste geniet en hoekom?*
Die wedstryd teen Menlopark was baie lekker! Dit was ons eerste wedstryd op die hoofveld en ons het toe nog geen beserings gehad nie. Dit was lekker om hulle 50 punte voor die hele skool te gee.

*Wat was die moeilikste wedstryd nog dié jaar en watter een dink jy gaan ook moeilik wees?*
Al die wedstryde is moeilik omdat elke span hul 'game' lig as hulle teen Grey speel, maar Boishaai in die nat weer was veral baie hard gewees. Ek dink Grey PE gaan ook nog 'n moeilike wedstryd wees.

*Wat dink jy is jou span se sterk- en swakpunt?*
Ons sterkpunt is dat ons goed saam 'jel' as 'n span. Ons swakpunt is dat ons ander spanne te maklik drieë teen ons toelaat.

*Wie is jou rugby-rolmodel?*
Liam Messam, die agsteman van die Chiefs.

Redaksielys 2014

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Kassel Rothmann
**Subredakteur: Nuus**
Ian de Villiers
**Subredakteur: Sport**
Berno Maarsingh
**Subredakteur: Diepte**
Niel Bezuidenhout
**Subredakteur: Joernaal**
CF Marais
**Subredakteur: Kultuur**
Julius Zerwick
**Hooffotograaf:** Henry Galloway

**NUUSREDAKSIE**
Tshepa Seqebo, Luan Nel, Louis Schoonwinkel, Jaco van Loggerenberg, Monthathi Maloko, Dylan Barnes, Timothy du Plessis, Gary Dykman

**SPORTREDAKSIE**
Louwrens van Heerden, Frans-Hendrik Badenhorst, Christopher Schreuder, Bremer Visser, Hugo Richter, Etienne Erasmus, Wian Mouton, Lebo Molefe

**DIEPTEREDAKSIE**
James Parsons, Keo Matshele, Matthew Barnard, Johan Griesel, Jorge Gomes, Albert Potgieter

**KULTUURREDAKSIE**
André Bellingan, Daniel von Eschwege, Paul Loeb van Zuilenburg

**JOERNAALREDAKSIE**
Izak Adendorff

**KUNSTENAARS**
Darren Louw, Dian Beukes

**FOTOGRAWE**
Wouter Klopper, BJ Vorster, Johann Sonnekus, Elandré van der Walt, Frans-Hendrik Badenhorst (vryskut)

# Oggendstond het nie goud in die mond nie

NIEL BEZUIDENHOUT

Aan die begin van die jaar is besluit dat daar soggens verpligte ekstra wiskundeklasse vir die gr 12 leerders gaan wees.

Hierdie klasse sou ongeveer 45 minute wees, voor die gewone akademiese dag om 07:30 begin. Leerders moes dus reeds om 06:45 in die wiskunde-klasse wees.

Al die wiskunde onderwysers is dit eens dat hierdie klasse noodsaaklik is. Me Chris-Marié Liebenberg, gr 12 Wiskunde onderwyser sê: "Die sillabus is te vol om alles in skooltyd te voltooi. Dus moet alle gr 12 leerders oggendklasse of middagklasse, bywoon."

Charl du Plessis, gr 12 wiskunde leerder, noem 'n paar probleme: "Baie kinders moet ver ry en hulle moet veel vroeër opstaan." Koshuiskinders moet ook soggens vroeër ontbyt gaan kry.

Die oggendklasse veroorsaak ook ongeriewe vir die Wiskunde onderwysers. Mnr Gavin Goosen, departementshoof van wiskunde, sê: "Onderwysers word nie meer betaal om in die oggende, middae en aande klas te gee nie."

En aangesien die werk wat in hierdie klasse behandel word nie weer in skooltyd behandel word nie, kan onderwysers ook nie vanself besluit om hierdie klasse af te stel nie. Dit kom dus daarop neer dat meer gewerk word en minder beloon word.

Julius Zerwick in gr 12 sê: "Elke klas is effektief en nodig. Dit bly opvoedkundig." Dit is dus vir niemand lekker om hierdie klasse by te woon nie, maar dis net tot die nadeel van die leerders self as hulle versuim om die klasse by te woon.




Tuckshop or Grey Together - both have their place in the sun. Photo: Frans-Hendrik Badenhorst

# Let's Grey Together at the Tuckshop

*The different establishments cater for a variety of tastes and requirements*

KEO MATSHELE

Many students have argued whether the Tuckshop is better than the Grey Together, or if the case is vice versa.

The Tuckshop has been part of the school for a longer period of time and is one of the 5 national monuments on campus. It was also used as a hospital during the Anglo-Boer war.

